7 Jy het in 1999 die Andrew Murrayprys gewen vir jou teologiese werk, *Die volheid daarvan I en II*. Wat wou jy met die skryf daarvan bereik?

Ek is baie dankbaar dat die twee dele van *Die volheid daarvan* gunstig in ons land en in Nederland ontvang is. Daar was, na my gevoel, destyds 'n groot behoefte aan 'n homiletiese werk in Afrikaans. Ek en my opvolger, Cas Wepener, het verlede jaar 'n nuwe boek oor die homiletiek en liturgie laat verskyn. Hierin word die literêr-estetiese momente in die erediens en preek ontgin.

8 Watter teoloog het die grootste invloed op jou teologie uitgeoefen?

Frits, nou moet ek ver terug dink. Baie ver. Augustinus, Maarten Luther, Karl Barth, Dietrich Bonhoeffer, Adrianus van Selms, Erich Zenger, Ferdinand Deist, EP Groenewald, Bertus van Zyl, Johan Heyns, Niek Schuman, Gerben Heitink en al die ongenoemdes. Elkeen het 'n afdruk op my lewe gelaat.

9 Jy is 'n verbete ondersteuner van die Sharks ... of is dit die Blou Bulle?

Nee, ek sal nooit so 'n fout maak om die Blou Bulle of die Stormers te ondersteun nie. Vra vir Ian Nell! Ek, Lida, ons seuns en ons kleinkind, Reynard, is hartstogtelike Sharks. Net die dood(snikke) sal ons van hulle skei.

10 'n Nuwe boek van jou verskyn in April by Bybel-Media: *Dáárom glo ek*. Waarom glo jy, Cas?

Ek het nie beplan om dié boek te skryf nie. Dit het soos 'n fontein uit my geborrel. Die boek is 'n uitnodiging tot 'n geloofsreis in 'n tyd van twyfel en verwarring. In die boek gee ek rekenskap van die inhoud en die handelinge van my geloof. Ek glo, want ek kan nie anders nie. God se liefde wat Hy deur Christus Jesus uitdruk en deur die Heilige Gees gee, is sy geskenk aan my. God gee die geloof en daarom vra Hy ook dat ek daaruit leef. Ek glo ook dat die kerk 'n hawe vir gehawendes moet wees en geregtigheid, liefde en hoop in die alledaagse lewe sigbaar moet maak.

Leef voluit in jou prima jare



PRIMA TYD
Deur Johannes Jordaan
Uitgegee deur Helderberg-Uitgewers, 2013

RESENSIE DEUR PIETER VAN NIEKERK

Die ervare aftree-raadgewer en boedelbeplanner, Johannes Jordaan, deel sy praktiese kennis en ondervinding in hierdie boek om kwaliteit tot die leser se jare bo 50 by te voeg. Jordaan skryf sy hoofdoel met die publikasie is om vir persone tussen 50 en 65 jaar die weg na geluk en vervulling gedurende hulle "prima jare" aan te dui. Jonger lesers sal dit ook waardeer. Afrikaanse boeke oor dié onderwerp is skaars. Ek weet net van een soortgelyke boek, maar dit het al 13 jaar gelede verskyn. *Prima tyd* is 'n waardevolle gids met 'n rykdom van wyse woorde, gewoon praktiese advies, kwinkslae en prettige illustrasies. Die boek het 10 hoofstukke wat raad gee oor onder meer finansiële en boedelbeplanning, die kies van 'n geskikte woonplek, hoe om jou veiligheid te verseker en jou gesondheid op te pas.

Die skrywer was dapper om ook oor 'n tema soos "geestesgesondheid" te skryf. Hy maak van Albert Ellis se psigoterapeutiese model gebruik. Dit vereis goeie insig en opleiding. Jordaan meld ook dat deskundige advies by die Nywerheids- en Kleinsake-ontwikkelingskorporasie gekry kan word. Dié instellings bestaan egter nie meer nie. Dit is in 2012 met SEFA (Small Enterprise Finance Agency) vervang. Ek is ook nie seker wat die funksie van die evalueringsvrae aan die einde van elke hoofstuk is nie. Dit sou waarde toevoeg indien die geslote vrae oop sou wees. Soos om die leser aan die hand van oop vrae te laat nadink, daaroor te gesels en, indien nodig, hulp en leiding te vra.

In geheel genome, het *Prima tyd* heelwat meriete en is dit 'n nuttige sleutel tot 'n gelukkige aftrede.

Dr Pieter van Niekerk is 'n teoloog, skrywer en vryskutresensent.

Kortlyste vir groot pryse ...

Die kortlyste vir die Andrew Murray-, Andrew Murray-Desmond Tutu- en Desmond Tutu-Gerrit Brandpryse is pas bekend gemaak. Die wenners word in April aangekondig en die oorhandiging van die pryse maak einde Mei deel uit van die Groote Kerk (Kaapstad) se 350ste verjaarsdagvierings – die oudste gemeente in Suid-Afrika.

ANDREW MURRAYPRYS VIR AFRIKAANSE TEOLOGIESE PUBLIKASIES
(Alfabeties)

- ***Die Interliniêre Bybel*** – Van der Watt, Barkhuizen, Du Toit (reds) (CUM)
- ***Geloof sonder sekerhede*** – Anton van Niekerk (Lux Verbi)
- ***Godverlanger*** – Willem de Vries, Robert Vosloo (reds) (SunMedia)
- ***Opstelle oor gereformeerd-wees*** – Dirkie Smit (SunMedia)
- ***Vroom of regsinnig?*** – Vincent Brümmer (Bybel-Media)

ANDREW MURRAY-DESMOND TUTUPRYS VIR CHRISTELIKE/TEOLOGIESE PUBLIKASIES IN 'N AMPTELIKE TAAL VAN SUID-AFRIKA
(Alfabeties)

- ***Holy Spirit here and now*** – Trevor Hudson (Struik Christian Media)
- ***Om te leef asof nie*** – Dirkie Smit (Bybel-Media en US)
- ***Remembering theologians*** – Robert Vosloo (ed) (SunMedia)
- ***Surprised by the Man on the borrowed donkey*** – Denise Ackermann (Lux Verbi)
- ***The dream of an idol*** – Lloyd Cele (Struik Christian Media)

DESMOND TUTU-GERRIT BRANDPRYS VIR DEBUUT-CHRISTELIKE/TEOLOGIESE PUBLIKASIES IN 'N AMPTELIKE TAAL VAN SUID-AFRIKA

- ***Communication freedom*** – Willem Fourie (UP)
- ***Ontmoeting met heiliges*** – Lizel Joubert (Naledi)
- ***Phela o phelale Morena*** – TS Makutoane (CLF)
- ***Rewolusie van die hart*** – Adriana Faling (Lux Verbi)
- ***Weermagstories*** – Roelf Schoeman (Lux Verbi)

Ds Solly Ozrovech†

Oor die lewe van Solomon Ozrovech, wat op 5 Maart oorlede is, is al baie geskryf. Hy is 88 jaar gelede as 'n Poolse Jood gebore en het deur 'n sonderlinge sameloop van omstandighede uiteindelik 'n NG predikant geword. Hy was in 'n stadium die mees gelese skrywer van geestelike boeke in Afrikaans. Letterlik honderdduisende eksemplare van sy boeke, waaronder talle Bybelse dagboeke, is deur die jare versprei. Onbewese bewerings het sy laaste jare versomber. Ons bring hulde aan 'n merkwaardige predikant wat deur die Here gebruik is om met sy skryfwerk baie, baie mense se lewe te raak. – *Frits Gaum*